JOHAN NORVAL jnorval@landbou.com

SA teelmeester wys weer hoe

Met een van die strengste seleksieprosesse in die bedryf, noukeurige toewyding aan prestasietoetsing en kunsmatige inseminasie, asook 'n reproduksie-indeks van 120, is mnr. Philip Barnard en sy vrou, Vicky, as Molatek se kommersiële beesboere van 2014 aangewys.

Niks word as vanselfsprekend aanvaar by die Barnards se Mequatling-kudde tussen Clocolan en Excelsior nie. Elke bees in dié kudde van mnr. Philip en mev. Vicky Barnard se ouerskapdata word deur DNS as korrek bevestig. Daarom word Philip as een van die toptelers van rooi én swart Angusbeeste in Suid-Afrika beskou.

Benewens die prestige-prys as Molatek se Kommersiële Beesboer van 2014 het Philip ook al die hoogste prys vir 'n embrio op die Angus-wêreldforum behaal. Die Mequatling-span was ook al Molatek se Stoetteler van 2005 en Landbouskrywers SA se Vrystaatse Boer van 2007.

Philip is 'n teler wat met gesag kan praat, want sy Angus-stoetery is plaaslik én oorsee bekend. Hy is een van die grootste telers van rooi en swart Angusbeeste in Suid-Afrika, met 400 geregistreerde stoetdiere en 600 kommersiële diere. Die stoetery se dragtigheidsyfer is gemiddeld 98% en dié van die kommersiële kudde 96%.

Hy het vroeg reeds besef boerdery kan nie meer soos van ouds bedryf word nie. Waardetoevoeging, soos met die bevordering van Angus-beesvleis in supermarkte, is een van die daadwerklikste maniere om jou kapitaal vir jou te laat werk, sê hy.

MEQUATLING-TEELMATERIAAL VAN WÊRELDGEHALTE

Die Mequatling-stoetery is 47 jaar gelede deur Philip se oorlede pa, Willem, begin. Philip is al byna drie dekades betrokke by die stoetery.

Hy het ook 'n Mequatling-Angus-kudde in die Amerikaanse staat Missouri gehad en top-embrio's na Mequatling-Angus in Suid-Afrika ingevoer. Hy het dié projek sowat tien jaar lank bedryf, met die uitsluitlike doel om teelmateriaal in die vorm van etli-

'Ek glo ook vas daaraan om elke kalf self by geboorte te merk en heeltyd betrokke te wees.'

Tweejarige bulle, soos dié op die foto wat volgens hul uitstekende boude, bouvorm en balans geselekteer word, is die trots van Mequatling-Angusse van mnr. Philip en mev. Vicky Barnard by Clocolan. FOTO: JOHN BOULLE

PLAASINLIGTING



LIGGING: Clocolan, Vrystaat (Halfpad tussen Clocolan & Excelsior op die R703)

NAAM: Mequatling

GROOTTE: 3 555 ha

EIENAARSKAP: Mequatling Land & Cattle Company

VERTAKKINGS: Angus-beeste en mielies

GRONDTIPE: Avalon

VELDTIPE: Gemengde bergveld, onder meer rooigras (61%), 890 ha aangeplante weiding (smutsvingergras, *Eragrostis*, armsmanslusern en 'n bietjie kikoejoe) op droëland (25%) en 480 ha kontantgewasse (mielies, hawer en korog, laasgenoemde meestal vir eie gebruik) en groenvoer (14%).

VEEBELADING: 3 ha/GVE danksy aangeplante weiding en groenvoer

KORTOM

- DNS-toetsing in dié Anguskudde is die sleutelkenmerk van Mequatling.
- Waardetoevoeging laat jou kapitaal vir jou werk.
- Mequatling sorg vir sowat 'n derde van die DNS-toetsing van Suid-Afrika se Angus-teelmateriaal.

ke honderde embrio's na die kudde terug te bring.

Embrio's word ook uitgevoer. Die Barnards kan hulle daarop roem dat hulle sowat 12 jaar gelede die heel eerste Suid-Afrikaanse Angustelers was wat embrio's na Suid-Amerika uitgevoer het en tans nog die enigste teler is wat embrio's na Kanada en Noord-Amerika uitvoer. Mequatling het boonop vroeër die hoogste prys op die Angus-wêreldforum vir 'n embrio behaal. In 2005 het agt embrio's $8 000 behaal by die wêreldforum, wat vir uitvoer na Ierland bestem was.

Teelmateriaal van wêreldgehalte word dus jaarliks op die Mequatling-veiling aan ander telers beskikbaar gestel.

Kunsmatige inseminasie is baie belangrik vir die boerdery se enkele dektyd in November en vroeg Desember, aangesien sowat 80% van die kalwer-aanwas op dié wyse of deur embrio-oorplanting verwek word. Die paring van die kommersiële beeste volg 'n maand later in Desember en Januarie, waarna die siklus met die afronding deur die bulle voltooi word.

Twee maande nadat die bulle verwyder is, bevestig dr. Clive Marwick van Clocolan dat die diere dragtig is. Hy toets ook die vrugbaarheid van die bulle net voor en ná afloop van die dektyd.

Die hoë KI-dragtigheidskoers van 84% van al die geïnsemineerde diere kan onder meer toegeskryf word aan die voldoende toepassing van voedingsbestuur. Die koeie kalf in die lente om voordeel te trek uit die hergroei van die veld ná die eerste reën, wat in November en Desember wisselvallig voorkom.

KI word meestal vir die stoetbeeste gebruik, maar ook selektief in die kommersiële kudde.

KEUSE VAN BULLE

Mequatling se eie bul-teelmateriaal word om die helfte in die KI-program gebruik, terwyl die res uit Noord-Amerika ingevoer word vir die stoetery.

Die verse se dektyd strek oor 50 dae en dié van die koeie oor 60 dae. Een bul diens sowat 100 vroulike diere ná KI, maar in die geval van dié wat nie geïnsemineer is nie, word een bul per 30 vroulike diere gebruik.

Die kriteria vir die keuse van kuddebulle is onder meer gebalanseerde teeltwaardes, fenotipiese strukturele korrektheid, 'n gewenste stamboom en 'n vrugbaarheidsondersoek deur 'n veearts.Die gemiddelde speengewig van die kalwers op 7 maande is 261 kg en die verse weeg minstens 350 kg met die eerste paring.

'n Vers se oorplaajie word tydens 'n KI-sessie vervang.

LBW VRA ...

MNR. PHILIP BARNARD

WAT IS DIE BESTE BOERDERYBESLUIT WAT JY AL GENEEM HET?
Om 'n jaarlikse veiling van elke dragtige, sesjarige stoetkoei en tweejarige bul op die plaas aan te bied. Die veiling verskaf diere van gehalte vir die uitstekende vraag na ons produk.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL GEKRY HET?
Hou jou skuldvlakke laag.

WAT IS DIE GROOTSTE FOUT WAT JY GEMAAK HET?
Ek het eenkeer vergeet om die saagsels voor 'n veiling nat te maak, wat aanleiding gegee het tot 'n lelike ontploffing van stof toe die groot groepe verse inkom.

WIE WAS JOU MENTOR?
My vennoot in die Amerikaanse Mequatling-kudde, mnr. Glen Klippenstein. Benewens sy loopbaan as Republikeinse politikus, was hy 'n leier op die gebied van veekunde wat met die vestiging van die GlenKirk-landgoed beeste, semen en embrio's oor die wêreld heen verkoop het.

WAT IS JOU GROOTSTE GELEENTHEDE IN DIE BOERDERY?
Waardetoevoeging in die bedryf, soos met die handelsmerkprogram Angus Beef. Die Mequatling-stoetery is tans een van die grootste verskaffers aan die SA Angusgenootskap se veldtog van handelsmerkbemarking. Pick n Pay verkoop tans Certified Angus Beef, die suksesvolste gesertifiseerde handelsmerk vir beesvleis in Suid-Afrika. Dit is 'n groot voordeel van die Angusras, want Anguskalwers is in aanvraag by voerkrale.

GEMIDDELDE TEELWAARDE-INDEKSE VIR ALLE DIERE IN DIE KUDDE



AFKORTINGS

Geboorte.[1] = Geboortegewig
Speen.[2] = Speengewig
Melk.[3] = Melk
12 maande[4] = gewig op 12 maande
VG.[5] = Volwasse gewig
H.[6] = Hoogte
L.[7] = Lengte
KLB.[8] = Kleiber (voeromsetting op die veld)
GDT.[9] = Gemiddelde daaglikse gewigstoename
VOR.[10] = Voeromsettingsverhouding
Skr.[11] = Skrotum-omtrek
OSO.[12] = Oogspieroppervlak
Vet.[13] = Vetpersentasie
Marm.[14] = Marmering

RAS- EN KUDDE-GEMIDDELDES

	Geboorte.[1]	Speen.[2]	Geboorte-gewig (maternaal)	Teelwaarde vir melk-produksie	12 maande[4]	VG.[5]	GDT.[9]	KLB.[8]	VOR.[10]	Skr.[11]	H.[6]	L.[7]	OSO.[12]	Vet.[13]	Marm.[14]
Beraamde teelwaarde (ras)	0,99	16, 1	0,36	5,8	22,5	29	138	73	-56	12,0	21	29	0,99	-0,03	0,09
Beraamde teelwaarde (kudde)	1,24	21,9	0,34	7,7	31,4	39	225	117	-87	18,2	29	43	2,07	0,05	0,29
Beraamde teelwaarde (indeks)	98	111	101	106	113	109	118	117	116	112	111	113	113	104	111

PRESTASIETOETSING

Prestasietoetsing beteken niks wanneer onakkurate data gebruik word nie. "Inteendeel, dit is gevaarlik in die gevalle van onbevestigde ouerskap van die aangetekende diere," sê Philip. Elke enkele bees in die Mequatling-kudde se ouerskapsdata is deur DNS as korrek bevestig.

"Stoetteling gaan gedeeltelik oor die stamboom en prestasietoetsing van elke dier. As die ouerskapsdata foutief is, beteken dit egter niks nie, sê hy. "Wat my betref, behoort dit verpligtend vir elke stoetteler te wees. Ons moedig ons medetelers aan om dié praktyk te volg."

Mequatling is tans verantwoordelik vir sowat 'n derde van die DNS-toetsing van die land se Angus-teelmateriaal. Dit beteken dat dié praktyk nie voldoende in die ras toegepas word nie. "Enige teler wat nie aan DNS-toetsing deelneem nie, weet nie wat in sy kudde aangaan nie," sê hy. "Ons maak almal foute en dit moet reggestel word."

Die Mequatling-Angus-kudde sorg die afgelope drie jaar vir 21% van alle SA Angus-groeitoetsdata en 62,9% van die ras se karkasmeting. Voorts is die kudde verantwoordelik vir 32,9% van alle SA Angus-DNS waarvan aantekeninge by Unistel gehou word. Die belangrikste eienskappe van die Barnards se kudde word deur Logix se genetiese venster in die **TABEL** en die **GRAFIEK** hierbo uitgebeeld.

SUKSES LÊ IN SPANWERK

Die sleutel van die sukses op Mequatling spruit uit Philip en Vicky se samewerking. "Dit is een van die groot voordele van 'n familiebesigheid; as die deelnemers ten volle op mekaar kan staatmaak en die werkslas met dieselfde geesdrif deel."

Vicky is onder meer verantwoordelik vir die KI van die beeste en monitor daagliks die vroulike diere in die dektyd.

Philip het onder meer 'n meestersgraad in ekonomie en span sy ontledende denke in om aan parings en seleksie aandag te gee. "Ek glo vas daaraan om elke kalf self by geboorte te merk en heeltyd betrokke te wees."

Die detail van die boerderybestuur word voortdurend fyn dopgehou: Beeste word onder meer nie tydens die KI-tydperk ingeent nie, en kampe word dan ook so min as moontlik afgewissel. Behoorlike rantsoenbestuur beteken ook dat lek selfs op Sondae verskaf word. "Ons doen dit daagliks om te sorg elke dier kry haar 1,5 kg produksielek wanneer dit nodig is," sê Philip.

Vicky se sukses as beesboer kan volgens Philip teruggevoer word na haar eertydse loopbaan as 'n onderwyser wat hoë standaarde gehandhaaf het.

GESONDE VERSTAND

"Daar is nie 'n dag wat verbygaan sonder die wete dat ek doen wat ek graag wil doen nie. En deel van die voorreg is dat jy jou dag saam met jou lewensmaat kan aanpak."

Mequatling se spanwerk strek verder as dit: Naas die hulp van tien getroue plaaswerkers en mnr. Fanie Coetzee wat help met die beeste en die gewasverbouing, maak hulle grootliks ook staat op die diens van die plaaslike veearts en onder meer die verskaffers van voer, kunsmis en gif. Dr. Robert Treadwell van Embrio-plus is verantwoordelik vir die spoeling van al die Mequatling-koeie.

Philip se algemene benadering tot boerdery is dat die meeste praktyke slegs gesonde

Mequatling Fireworks is verlede jaar teen 'n rekordprys van R200 000 verkoop.

BO: Mev. Vicky Barnard en twee helpers, mnre. Jan Mohata (links) en Motimpana Mathobisa, douvoordag in gietende reën besig om verse te insemineer.

BO REGS: Mnr. Philip en mev. Vicky Barnard.

REGS: Mequatling Red Ruby saam met 'n kalf. Sy is die ouma van Mequatling Fireworks, die bul wat op verlede jaar se veiling teen 'n Suid-Afrikaanse rekordprys van R200 000 verkoop is. FOTO: VERSKAF

verstand verg. "Maar *common sense* is ook nie aldag so *common* nie."

Derhalwe word voorkomende siektebestryding, soos teen slenkdalkoors en knopvelsiekte, in die winter toegepas – voor die voorgeskrewe tyd net voor die somer.

Philip verkies om sy beeste in die dektyd in November so min as moontlik te versteur om die vroulike diere die beste kans op besetting te gee. "En dit geld ook wanneer die kalwers klein is, om beserings te voorkom."

GENETIESE VERBETERING

Mequatling se bemarking is geskoei op die beginsel dat slegs die diere wat goed genoeg vir die boerdery is, te koop aangebied word. "Dit is hoekom ons jare gelede begin het om al die boerdery se beproefde, dragtige stoetkoeie op sesjarige ouderdom op die jaarlikse produksieveiling aan te bied. Dié koeie het dan sedert tweejarige ouderdom sonder uitsondering elkeen vier kalwers gespeen en hopelik is hulle vir die kopers goud werd," sê hy.

'n Voorbeeld van die gehalte van die koeie wat op die produksieveiling beland, is uit die tyd toe die Barnards nog intensief aan skoue deelgeneem het. Selfs drie koeie wat goue interras-pryse verower het, is só opgeveil.

Dit geld ook die boerdery se voorste koeie wat vir embrio's gespoel word. Die Barnards skou nie meer nie en is nou net ingestel op die genetiese verbetering van die kudde.

Die gemiddelde reproduksie-indeks van die kudde is 120, wat 'n gerusstelling vir enige voornemende koper behoort te wees.

Die gemiddelde prys op verlede jaar se veiling vir tweejarige bulle van R53 326 en R43 694 vir die koeie is vir Philip 'n goeie barometer van die gehalte van die diere wat aangebied word. "Die jaarlikse veiling-aanbod van koeie en tweejarige bulle is slegs sowat 'n derde van die aanwas. Die res word uitgeskot ingevolge die seleksieproses wat van die strengste in die bedryf is."

Sowat 100 dragtige kommersiële verse wat jaarliks opgeveil word, het verlede jaar 'n gemiddelde prys van R10 700 stuk opgelewer. Die kommersiële bulkalwers se vleis word ingevolge die Angus-vleisprogram deur Pick n Pay bemark.

Sowat 'n derde van die vroulike diere (101 uit altesaam 324) word jaarliks ingevolge streng kriteria as vervangingsverse gekeur.

Die vervangingsverse het 'n speen- en jaar-indeks van 95 en hoër, beter teeltwaardes as Mequatling se minimum vereiste, fenotipiese meerderwaardigheid en die diere se reproduksiekanaal word deur 'n veearts beoordeel.

'n Klein persentasie van die beeste word deur voerkrale bemark. "Ons hoofvertakking in die beesboerdery is die verskaffing van teeldiere. Dit is waar ons waarde toevoeg sodat kopers kan weet dat Mequatling-Angusse 'n goeie kopie is – as kommersiële en stoetdiere," sê hy.

TERUGGEE

Philip se sukses op die plaas en op skouvlak dra hy graag oor aan sy medeboere. Hy woon dikwels boeredae as spreker by en help met kursusse en as konsultant in kuddebeoordelings.

Die boerdery se sukses is deels danksy 'n gemotiveerde werkerskorps. "Jy motiveer werkers deur hulle met respek te behandel. 'n Finansiële beloning is natuurlik 'n groot aansporingsmaatreël, maar jy kan nie jou mense meer betaal en terselfdertyd goeie resultate verwag as jy hulle sleg behandel nie."

Benewens opleiding oor die aspekte van KI en hittewaarneming by koeie, word die werkers ook opgelei om trekkers en planters te hanteer en in stand te hou, asook in brandbestryding. Die Mequatling-sokkerspan, wat die Angus-ras op hul sportdrag bemark, sluit ook werkers van naburige plase in. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Philip Barnard, tel. **051 943 0058**, e-pos: **mequatling@intekom.co.za**, webblad: **www.mequatling.co.za.**